**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Afrikaans Huistaal Graad 9**

**Kwartaal 2: Hersieningsvraestel-memorandum**

| **VRAAG 1** | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Gwendolene van der Merwe ✓ | (1X1)(1) |
| 1.2 | "sy" ✓ "haar" ✓ | (2X1)(2) |
| 1.3 | Dit verwys na die verhaal / die teks in die boek. ✓✓ | (1X2)(2) |
| 1.4 | Suid-Afrikaanse onderwysers hou daarvan dat die kinders almal op dieselfde bladsy is. ✓<br>Met gemiddeld 40 kinders per klas in Suid-Afrika se klasse is dit makliker om almal dieselfde woorde te laat lees. ✓ | (1X2)(2) |
| 1.5 | Die leser moet self sekere afleidings kan maak. / Alles hoef nie vertel te word nie, die leser kan raai wat gebeur. / Daar is "oop" tonele waar die leser kan dink wat gebeur. (Enige SOORTGELYKE antwoord.) ✓✓ | (1X2)(2) |
| 1.6 | "Kry die boekie en ervaar dit self." ✓✓ | (1X2)(2) |
| 1.7 | Hulle is eerlik ✓ en daar is geen filters nie. ✓ | (2X1)(2) |
| 1.8 | Waar. ✓ "Ek vermoed egter dat van die woorde gewoon te groot is vir die teikenmark." | (2X1(2) |
| 1.9 | Hy praat met eenvoudige, geselserige taalgebruik. ✓ / Hy vra direkte vrae aan die leser. ✓ / Hy gebruik die woord "ons" wat die leser insluit. ✓ (Enige TWEE) | (2X1)(2) |
| 1.10 | Die persoon / kind wat saam met hom lees. ✓ | (1X1)(1) |
| 1.11 | Die konteks moet die leser help om die woorde te verstaan. ✓ | |

| | | |
|---|---|---|
| | Moeilike woorde moet nie te veel voorkom nie. ✓ | (2X1)(2) |
| 1.12 | Volgens hom dra die sketse die boek. / Die sketse is raak. / Die sketse maak alles moontlik en lekker. ✓ ✓ (Enige EEN) | (1X2)(2) |
| 1.13 | Engels ✓ | (1X1)(1) |
| 1.14 | Ja of nee, ✓ met 'n relevante rede. ✓ | (1X2)(2) |
| | | **[25]** |

| VRAAG 2: OPSOMMING | PUNT |
|---|---|
| **Nasien van die opsomming:**<br>• Daar word nie van die leerders verwag om die opsomming van 'n opskrif/titel te voorsien nie.<br>• Die leerders moet die opsomming in hul eie woorde/sinne neerskryf in enige volgorde.<br>• Daar word slegs vir wenke wat in volsinne geskryf is, punte toegeken.<br>• Die rofwerk/beplanning word slegs nagesien as dit nie duidelik aangedui is dat dit die rofwerk/beplanning is nie.<br>• Die leerders moet die korrekte aantal woorde aandui.<br>• Die opsomming moet PUNTSGEWYS (genommer) wees.<br><br>**Punte word soos volg toegeken:**<br>• 7 punte vir 7 feite (een punt per feit)<br>• 3 punte vir taal<br><br>**Verspreiding van punte vir taalgebruik:**<br>• 6–7 feite korrek: 3 punte vir taal<br>• 4–5 feite korrek: 2 punte vir taal<br>• 1–3 feite korrek: 1 punt vir taal<br><br>**Indien die leerder direk aangehaal het uit die teks:**<br>• 6–7 direkte aanhalings: geen punt vir taal | |

| | |
|---|---|
| • 1–5 direkte aanhalings: slegs 1 punt vir taal<br><br>• Die nasiener moet die leerder se totale aantal woorde tel en dit verifieer.<br>• As die woorde nie aangedui is nie of foutief aangedui is, mag daar nie punte afgetrek word nie.<br>• Indien die leerder 80 woorde oorskry het, moet die nasiener net tot by 80 woorde lees en die res van die opsomming ignoreer.<br>• As die leerder al die wenke in minder woorde opgesom het, mag daar nie punte afgetrek word nie.<br><br>**Die volgende kernbegrippe moet in die opsomming voorkom:**<br><br>1. Dink aan jou belangstellings.<br>2. Lees die agterblad of opsomming.<br>3. Probeer ’n paar bladsye lees.<br>4. Kyk na resensies en aanbevelings.<br>5. Oorweeg die lengte van die boek.<br>6. Probeer verskillende genres.<br>7. Lees ’n boek wat jou interesseer en nie net wat ander mense sê jy moet lees nie. | **VRAAG 2: 10** |

| **VRAAG 3** | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Joe **S**chutte en sy pelle, Nathe en Thabo, lewe vir rugby. ✓ | (1X1)(1) |
| 3.2 | Maar ✓ | (1X1)(1) |
| 3.3 | Voel dit asof hulle spanmaats oornag groter, sterker, beter is? ✓ | (1X1)(1) |
| 3.4 | Hulle herinner my aan boelies. ✓<br>Hulle sal my aan boelies herinner. ✓ | (2X1)(2) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Groot ✓ | (1X1)(1) |
| 3.6 | Saamgestelde sin, ✓ want daar is meer as een gesegde. ✓ | (1+1)(2) |
| 3.7 | Hy sê dat die emosionele impak tasbaar is. ✓✓ | (1X2)(2) |
| 3.8 | My – voornaamwoord ✓<br>Boek – selfstandige naamwoord ✓<br>Ondersoek – werkwoord ✓ | (3X1)(3) |
| 3.9 | Hoewel die boek nie sterk begin nie, is daar nie geleenthede wat verlore gegaan het nie. ✓✓ | (1X2)(2) |
| 3.10 | Effens / bietjie ✓ | (1X1)(1) |
| 3.11.1<br>3.11.2 | t.s.v.<br>ens. | (2X1)(2) |
| 3.12 | Jonk ✓ die jongste ✓ | (2X1)(2) |
| | | **[20]** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **55** |